Remgro Beperk

(Voorheen Rembrandt S.A. Beperk)

Reg. Nr. 1968/006415/06

Tussenverslag vir die ses maande geëindig 30 September 2000

Herstrukturering van Rembrandt Groep Beperk en vorming van Remgro Beperk, gedurende September 2000 geïmplementeer

●

Eerste Remgro tussenverslag vir die ses maande tot 30 September 2000

●

Toename in wesens-verdienste per aandeel: +25%

●

Tussendividend per aandeel: 56 sent

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2000 R miljoen	1999 R miljoen *Pro forma*	Jaar geëindig 31 Maart 2000 R miljoen *Pro forma*
Omset	**3 316**	2 899	5 738
Bedryfsinkomste voor waardevermindering	**316**	222	622
Waardevermindering	**90**	84	174
Rente betaal	**55**	26	36
Netto bedryfsinkomste voor belasting	**171**	112	412
Belasting	**41**	39	103
Netto bedryfsinkomste na belasting	**130**	73	309
Belang in netto inkomste van geassosieerde maatskappye	**1 384**	1 132	2 317
Netto inkomste voor uitsonderlike items en amortisasie	**1 514**	1 205	2 626
Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye	**(72)**	(4)	(33)
Uitsonderlike items	**2 301**	72	(336)
Netto inkomste	**3 743**	1 273	2 257
Toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers	**25**	11	86
TOESKRYFBARE NETTO INKOMSTE	**3 718**	1 262	2 171
Wesensverdienste rekonsiliasie			
Toeskryfbare netto inkomste (basiese verdienste)	**3 718**	1 262	2 171
Plus/(minus) – toeskryfbaar aan eie lede:			
Uitsonderlike items	**(2 303)**	(72)	333
Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye	**72**	4	33
Netto oorskot, na belasting, met verkoop van vaste bates	**(2)**	(5)	(29)
WESENSVERDIENSTE	**1 485**	1 189	2 508
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**284.5c**	**227.8c**	**480.5c**
Basiese verdienste per aandeel (sent)	**712.3c**	**241.8c**	**415.9c**
Tussendividend per aandeel (sent)	**56.0c**		
Vergelykbare gewone dividende per aandeel van Rembrandt Groep Beperk (sent)		44.71c	120.00c
Tussen		44.71c	44.71c
Finaal		–	75.29c
Segmentontleding – Wesensverdienste (R miljoen)			
Handelsmerkbelange	**767**	617	1 247
Mynbelange	**429**	265	495
Nywerheidsbelange	**98**	143	383
Finansiële dienste	**109**	81	217
Korporatiewe finansies en ander belange	**82**	83	166
	1 485	1 189	2 508

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 30 September 2000 R miljoen	31 Maart 2000 R miljoen *Pro forma*
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Vaste eiendom, aanleg en toerusting	**2 308**	2 349
Beleggings en lenings	**13 792**	10 821
	16 100	13 170
Bedryfsbates	**3 239**	2 283
Kontantmiddele	**1 396**	1 034
Ander	**1 843**	1 249
Totale bates	**19 339**	15 453
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes		
Belang van eie lede	**16 351**	12 556
Belang van buite-aandeelhouers	**830**	809
Totale aandeelhouersekwiteit	**17 181**	13 365
Nie-bedryfslaste	**409**	296
Rentedraende skuld	**311**	254
Uitgestelde belasting	**98**	42
Bedryfslaste	**1 749**	1 792
Rentedraend	**102**	149
Rentevry	**1 647**	1 643
Totale ekwiteit en laste	**19 339**	15 453
Netto batewaarde – per aandeel (Rand)		
Teen boekwaarde	**R31.32**	R24.05
Teen markwaarde/direkteurswaardasies van beleggings	**R53.08**	R47.84

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2000 R miljoen
Saldo op 1 April	**12 635**
Aansuiwerings ten opsigte van vorige jare	**(79)**
Aangesuiwerde saldo op 1 April	**12 556**
Wisselkoersaanpassings	**175**
Toeskryfbare netto inkomste	**3 718**
Veranderings in reserwes van geassosieerde maatskappye	**(98)**
Belang van eie lede	**16 351**

ADDISIONELE INLIGTING

	30 September 2000 R miljoen	1999 R miljoen *Pro forma*	31 Maart 2000 R miljoen *Pro forma*
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**486 493 650**	486 493 650	486 493 650
– B-aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totaal	**522 000 002**	522 000 002	522 000 002
– In die berekening van die wesensverdienste en basiese verdienste per aandeel is die totale aantal uitgereikte aandele gebruik.			
Dividende ontvang			
– Dividende ingesluit by bedryfsinkomste	**29**	2	5
– Dividende vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	**580**	570	683
Uitsonderlike items			
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye is soos volg saamgestel:			
Netto surplus met verkoop van langtermynbeleggings en besighede	**155**	194	234
Ander	**(7)**	–	(32)
	148	194	202
Belasting	**–**	–	3
	148	194	205
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye	**2 153**	(122)	(541)
Totaal	**2 301**	72	(336)
– Toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers	**(2)**	–	(3)
– Toeskryfbaar aan eie lede	**2 303**	72	(333)

	30 September 2000 R miljoen	31 Maart 2000 R miljoen *Pro forma*
Genoteerde beleggings		
– Boekwaarde	**5 571**	5 304
– Markwaarde	**8 278**	9 131
Ongenoteerde beleggings		
– Boekwaarde	**8 208**	5 506
– Direkteurswaardasies	**16 859**	14 096
Toevoegings tot en vervanging van vaste bates	**154**	182
Kapitaalverpligtinge	**78**	117
(Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)		

VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2000 R miljoen
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**72**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**223**
Kontantvloei – finansierings- en ander aktiwiteite	**67**
Netto toename in kontantmiddele	**362**
Kontantmiddele aan die begin van die tydperk	**1 034**
Kontantmiddele aan die einde van die tydperk	**1 396**

KOMMENTAAR

1. HERSTRUKTURERING VAN DIE VOORMALIGE REMBRANDT GROEP

Die aandeelhouers van Rembrandt Groep Beperk (Rembrandt) het op 21 September 2000 op ’n algemene jaarvergadering die herstrukturering van Rembrandt goedgekeur.

Die onderliggende belange van Rembrandt is effektief soos op 1 April 2000 in twee afsonderlike maatskappye naamlik Remgro Beperk (Remgro) en VenFin Beperk (VenFin) geherstruktureer. Hierdie maatskappy (Remgro) bestaan uit Rembrandt se tabak-, nywerheids-, myn- en finansiële belange. Die aandelekapitaal van Remgro is herskik om B-aandele te skep, waarvan die meerderheid aan Rembrandt Trust (Edms) Beperk uitgereik is. Remgro is op 26 September 2000 op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika genoteer.

2. VERGELYKENDE SYFERS

Die vergelykende pro forma syfers in die inkomstestaat vir die ses maande geëindig 30 September 1999 en die jaar geëindig 31 Maart 2000 en in die balansstaat op 31 Maart 2000 verteenwoordig die syfers van Rembrandt nadat aanpassings gemaak is vir beleggings wat in terme van die herstrukturering oorgedra is na VenFin Beperk.

Die vergelykende pro forma syfers vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 is op die geouditeerde Rembrandt jaarstate gebaseer.

Geen pro forma vergelykende syfers soos op 30 September 1999 word in die balansstaat verstrek nie aangesien Remgro as ’n nuwe groep eers op 1 April 2000 tot stand gekom het. Daar is vir dieselfde rede geen vergelykende syfers vir die gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit en vir die kontantvloeistaat beskikbaar nie.

KOMMENTAAR (VERVOLG)

3. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag is hoofsaaklik volgens die historiese kostegrondslag in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (RE 127) en die Vierde Bylae tot die Suid-Afrikaanse Maatskappywet opgestel. Die rekeningkundige beleid inkorporeer die beleid wat, met die uitsondering van die hantering van klandisiewaarde, wesentlik in ooreenstemming is met dié van Rembrandt soos op 31 Maart 2000.

Hierdie tussenverslag moet saam met die pro forma state soos vervat in die omsendskrywe aan aandeelhouers, gedateer 30 Augustus 2000, gelees word.

4. VORIGE JAAR AANSUIWERINGS

Verandering in rekeningkundige beleid

Die rekeningkundige beleid ten opsigte van verantwoording van klandisiewaarde is verander om te voldoen aan die gewysigde Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk met betrekking tot die amortisasie van klandisiewaarde (RE 131).

Klandisiewaarde word sedert 1 April 2000 in die balansstaat verantwoord en word op die reguitlynmetode oor 20 jaar geamortiseer. Die drawaarde van klandisiewaarde word jaarliks hersien en afgeskryf vir ’n permanente waardedaling waar dit nodig geag word. Die vergelykende pro forma syfers vir die ses maande tot 30 September 1999 en die jaar geëindig 31 Maart 2000 is nie hersaamgestel nie aangesien klandisiewaarde wat voor 1 April 2000 onstaan het reeds ten volle teen reserwes afgeskryf is.

Sage Groep Beperk (Sage)

Sage het sy rekeningkundige beleid gewysig om te voldoen aan die Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk met betrekking tot gekonsolideerde finansiële state en verantwoording vir beleggings in filiale (RE 132), wat nou ook op langtermynversekeraars van toepassing is.

Sage se vergelykende syfers vir die ses maande geëindig 30 September 1999 en die jaar geëindig 31 Maart 2000 is gevolglik hersaamgestel. Remgro se pro forma syfers vir die ses maande tot 30 September 1999 en die jaar tot 31 Maart 2000 in hierdie verslag is dienooreenkomstig soos volg hersaamgestel.

Hersamestelling van vergelykende syfers

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2000	1999	2000
		Pro forma	*Pro forma*
Wesensverdienste per aandeel, voor beleidsverandering (sent)	**286.0**	233.2	485.6
Verandering in rekeningkundige beleid van Sage (sent)	**(1.5)**	(5.4)	(5.1)
Hersaamgestelde wesensverdienste per aandeel (sent)	**284.5**	227.8	480.5

5. RESULTATE

Wesensverdienste vir die ses maande onder oorsig het met 25% toegeneem, danksy ’n sterk vertoning deur die mynboubelange, asook bevredigende resultate van die finansiële dienste- en tabakbelange. Laasgenoemde is ook voordelig beïnvloed deur die verswakking van die rand teenoor die Britse pond.

Die afname in die bydrae van die nywerheidsbelange is hoofsaaklik as gevolg van ’n daling in Total South Africa (Edms) Beperk en Malbak Beperk se winste. Remgro se belang in die winste van Rainbow het R0.5 miljoen (1999: R24.3 miljoen verlies) bedra.

Die uitsonderlike wins van R2 301 miljoen sluit ’n bedrag van R2 202 miljoen in, wat Remgro se belang verteenwoordig in die kapitaalsurplus wat ontstaan het met die aflossing van ’n gedeelte van die BAT voorkeuraandele.

6. TABAKBELANGE

Remgro se belang in British American Tobacco Plc (BAT) word verteenwoordig deur ’n een-derde-aandeelhouding in R&R Holdings Soc. An. (R&R). Die ander twee derdes word gehou deur Compagnie Financière Richemont AG (Richemont).

Gedurende die periode 1 April 2000 tot 7 Junie 2000 het R&R ’n effektiewe belang van 35% in BAT gehou; 25% in BAT gewone aandele en 10% in BAT omskepbare aflosbare voorkeuraandele. Op 7 Junie het daardie belang tot 31.6% verminder na die aflossing van ’n gedeelte van R&R se aandeelhouding in BAT voorkeuraandele in terme van die verkoopopsie toegestaan deur BAT ten tye van die samesmelting met Rothmans International in Junie 1999. Die uitwerking van die herstrukturering van Rembrandt op hierdie belang word hieronder behandel.

Rekeningkundige aangeleenthede

- Ooreenkomstig die Rembrandt herstrukturering is die opbrengs van die aflossing van ’n gedeelte van die BAT voorkeuraandele, waarna hierbo verwys word, na R&V Holdings Limited, Jersey, (R&V) waarin VenFin Beperk een derde en Richemont twee derdes hou, oorgedra. In die aangesuiwerde resultate vir die ses maande tot 30 September 1999 en twaalf maande tot 31 Maart 2000 is die inkomste toeskryfbaar aan daardie BAT voorkeuraandele wat nie langer deur R&R gehou word nie, dienooreenkomstig aan R&V toegedeel. Dit het gevolglik R&R se belang in BAT se winste verminder, soos in die tabel hieronder aangedui.
- Aangesien BAT se finansiële jaar op 31 Desember eindig, word die resultate wat deur BAT bekendgemaak is, aangesuiwer om dit in ooreenstemming te bring met R&R en Remgro se 31 Maart finansiële jaareinde. Die BAT resultate in die huidige verslag is dus gebaseer op BAT se resultate vir die nege maande tot 30 September 2000 min die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2000.
- R&R se rekeningkundige beleid is in ooreenstemming met die waardasiebeginsels van Internasionale Rekeningkundige Standaarde (IAS), terwyl BAT sy finansiële state volgens die VK se Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk voorberei. R&R maak gevolglik sekere aansuiwerings aan BAT

se resultate om dit in ooreenstemming te bring met IAS. In die vergelykende periode is ’n voordelige aansuiwering as gevolg van die verskil in rekeningkundige behandeling van uitgestelde belasting gemaak, hoofsaaklik met betrekking tot kostes deur BAT se filiaal in die Verenigde State aangegaan in verband met die algemene skikkingsooreenkoms tussen die tabaknywerheid en die meerderheid van die state gedurende 1998. Daardie rekeningkundige aansuiwering het betrekking op die tydsberekening van die aftrekbaarheid vir belastingdoeleindes van die skikkingsbetalings wat in die eerste jaar van die skema opgeloop het. In die periode tot 30 September 2000 is ’n kleiner nadelige aansuiwering met betrekking tot die belasting hantering van sulke betalings gemaak.

Finansiële resultate

	2000 **£m**	1999 £m
Toeskryfbare inkomste soos gerapporteer deur BAT vir die nege maande geëindig 30 September 2000 (1999: drie maande)	**529**	200
Min: Toeskryfbare inkomste vir die kwartaal geëindig 31 Maart 2000	**(55)**	–
Plus: Toeskryfbare inkomste vir die maand Junie 1999	**–**	73
Aansuiwerings:		
– ten opsigte van uitgestelde belasting	**(12)**	79
– om amortisasie van klandisiewaarde uit te skakel	**192**	91
– om uitsonderlike items uit te skakel:		
– herstruktureringskoste voortvloeiend uit die samesmelting	**44**	64
– herstruktureringskoste voortvloeiend uit die Imasco transaksie	**2**	–
– afskrywing met verkryging van Japanse verspreider	**1**	–
– surplus met verkoop van handelsmerke	**–**	(52)
Aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die ses maande periode (1999: vier maande)	**701**	455
100% van die toeskryfbare inkomste van Rothmans International vir die periode 1 April 1999 tot 31 Mei 1999	**–**	55
35.0% van die toeskryfbare inkomste van BAT vir die periode 1 April 2000 tot 7 Junie 2000 (1999: 1 Junie tot 30 September)	**81**	159
31.6% van die toeskryfbare inkomste van BAT vir die periode 8 Junie 2000 tot 30 September 2000	**149**	–
	230	214
Min: Gedeelte toeskryfbaar aan die afgeloste voorkeuraandele en aan R&V toegedeel	**(11)**	(31)
Aangesuiwerde wesensverdienste van R&R vir die periode 1 April tot 30 September	**219**	183
Remgro se 33.33% belang daarin	**73**	61
	R’m	R’m
Omgereken teen ’n gemiddelde £/R koers van 10.414 vir die periode tot September 2000 (1999: 9.790)	**756**	598

BAT se resultate

British American Tobacco se resultate vir die ses maande tot 30 September 2000 het bevredigende groei getoon. Die samesmelting met Rothmans International in Junie 1999 het ’n aansienlike toename in verkope en bedryfswins tot gevolg gehad en vir die nege maande tot 30 September 2000 het die aangesuiwerde verdienste per aandeel van die vergrote BAT in sterling met 8 persent gestyg.

In hul verslag oor die resultate vir die nege maande tot 30 September 2000, het BAT se bestuur aangedui dat die integrasie van die Rothmans International-besigheid met BAT goed vorder en dat kostebesparings, voortvloeiend uit die samesmelting, vroeër as verwag gerealiseer word. Ondanks ’n daling van ongeveer 3 persent in sigaretvolumes op ’n vergelykbare basis (sonder die voordelige uitwerking van die insluiting van die verkoopsvolumes van die voormalige Rothmans International-maatskappye) het veranderings in die verkoopsmengsel – met volume toenames in beide ‘internasionale’ en ‘ligte’ handelsmerke – tot hoër marges gelei. In verskeie gebiede in die wêreld het die samesmelting met Rothmans International die verkoopsprestasie en winsgewendheid van British American Tobacco wesentlik verbeter. So ook het wêreldwye aankoopsinisiatiewe en verdere rasionalisasie van produksie-fasiliteite ’n voordelige uitwerking op vervaardigingskostes gehad.

7. BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Ontbondeling

Gencor Beperk (Gencor)

Gencor het op 14 April 2000 sy beleggings in Gold Fields of South Africa Beperk (GFSA), Gold Fields Beperk (GFL) en Standard Bank Investment Corporation Beperk (Stanbic) by wyse van ’n dividend in spesie aan sy aandeelhouers, ontbondel.

GFSA

Op 2 Mei 2000 het GFSA sy beleggings in Northam Platinum Beperk (Northam) en GFL by wyse van ’n dividend in spesie aan sy aandeelhouers ontbondel. Op 21 Julie 2000 is ’n kontant uitkering aan aandeelhouers gemaak in afwagting van die vrywillige likwidasie van die maatskappy. Die notering van GFSA is op 2 November 2000 opgeskort.

Die groep het sy aandele in Northam, wat in terme van bogenoemde ontbondeling ontvang is, verkoop. ’n Kapitaalsurplus van R152 miljoen is gerealiseer en as ’n uitsonderlike item verantwoord.

Op 30 September 2000 was Remgro se effektiewe belang in bogenoemde ontbondelde beleggings soos volg: GFSA 18.2%, GFL 11.3% en Stanbic 0.2%.

W & A Gilbey (South Africa) (Edms) Beperk (Gilbey)

Die belang van 49% in Gilbey is in April 2000 vir R45 miljoen verkoop.

Sakevennote Beperk

'n Verdere belegging van R8 miljoen is gedurende Augustus 2000 in Sakevennote Beperk gemaak. Op 30 September 2000 was Remgro se belang 16%.

Transvaal Suiker Beperk (TSB)

Na 'n voorlopige aankondiging op 28 Januarie 2000, gevolg deur uitgerekte onderhandelinge, het Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk (HL & H) op 29 Junie bekend gemaak dat 'n ooreenkoms met The Tongaat-Hulett Group Beperk bereik is vir die verkoop, met effek van 1 April 2000, van alle TSB-bates, met die uitsondering van die sitrusbelange, vir R1 miljard (die transaksie). Die goedkeuring van die Mededingingsowerhede sou vir hierdie transaksie verkry moes word.

In 'n daaropvolgende aankondiging op 26 September 2000 het HL & H aangedui dat die Mededingingsraad aanbeveel het dat die transaksie afgekeur word, maar dat HL & H verdere omvattende voorleggings aan die Mededingingstribunaal sou maak ten einde goedkeuring vir die transaksie te kry.

Op 20 November 2000 het HL & H in sy winsaankondiging gerapporteer dat voorleggings aan die Mededingingstribunaal gemaak is, maar dat geen besluit nog bekend gemaak is nie. Ingevolge statutêre verpligtinge moet HL & H, en gevolglik Remgro, nou hul resultate met inbegrip van TSB bekend maak. In die voorbereiding van hierdie verslag is die TSB-transaksie glad nie in berekening gebring nie omdat dit nog aan die nakoming van 'n wesentlike voorwaarde onderworpe is.

Die HL & H-groepstruktuur bly onveranderd aangesien die opskortende voorwaarde nog nie nagekom is nie en die verslag sluit TSB se resultate in vir die volle tydperk van 1 April tot 30 September 2000 in afwagting van die finale besluit van die Mededingingstribunaal.

DIVIDENDE

Verklaring van Dividend Nr. 1

Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 56 sent per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die B-aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2000 geëindig het. Die dividend is betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op 15 Desember 2000 geregistreer is.

Die tussendividend sal op 17 Januarie 2001 elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers wat van hierdie fasiliteit gebruik maak, terwyl dividendtjeks dieselfde dag aan ander aandeelhouers gepos sal word.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoof Uitvoerende Beampte

Stellenbosch
23 November 2000

Remgro
Beperk

DIREKSIE EN ADMINISTRASIE

Direkteure:
Johann Rupert *(Voorsitter)*,
M H Visser *(Ondervoorsitter/Hoof Uitvoerende Beampte)*, P E Beyers, W E Bührmann, G D de Jager, J W Dreyer, P J Erasmus, D M Falck, E de la H Hertzog, E Molobi, J A Preller (Mev), P G Steyn, T van Wyk

Sekretaris: J C Engelbrecht

Sake-adres en geregistreerde kantoor:
Coetzierstraat, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretarisse:
Computershare Services Beperk, Foxstraat 41, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure: PricewaterhouseCoopers Ing.

Notering: JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika ***Sektor:*** Gediversifiseerde Nywerhede

American Depositary Receipt (ADR) Program: Cusip nommer 75956M107
ADR tot gewone aandeel 1:1
Depositaris: The Bank of New York, 101 Barclay Street, New York NY 10286